

**F.I.J. van Rensburg (Redakteur).** *Afrikaans — lewende taal van miljoene.* 2004, xv + 190 pp. ISBN 0 627 02579 X. Pretoria: Van Schaik. Prys: R89.95.

Hierdie publikasie is die resultaat van 'n projek begin deur die Vrydaggroep, 'n aantal kenners wat hulle landswyd beywer vir studies oor Afrikaans binne die veeltalige konteks van Suid-Afrika. Die redakteur was die projekteier. Die titel is afkomstig uit 'n hoofartikel met die Afrikaanse opskrif "Reg vir die toekoms" wat twee dae ná die verkiesing van 29 April 1994 in die *London Times* verskyn het. Daarin word Afrikaans beskryf as die "lewende taal van miljoene".

Die boek sluit aan by 'n lang reeks soortgelyke bundels oor Afrikaans wat oor die afgelope 45 jaar verskyn het: vanaf die meer bewonderende publikasies van Du Buisson (1959), Labuscagne (1959) en Kok (1974) tot die meer realistiese versamelings van Prinsloo en Van Rensburg (1984), Du Plessis en Du Plessis (1987), Webb (1992) en Giliomee en Schlemmer (2001). Die stukke in hierdie bundel neig soms na die bewonderende en soms na die meer realistiese.

Die bundel wat bestaan uit 'n twintigtal artikels geskryf deur 23 kenners op hul onderskeie gebiede, word voorafgegaan deur 'n verantwoording deur die redakteur F.I.J. van Rensburg: "Die behoefte aan 'n publikasie soos dié het voortgekom vanuit 'n besef van die omvang van die geknelde situasie waarin Afrikaans hom op die oomblik bevind as gevolg van die drastiese verkleining van sy gebruik sfeer" (bl. ix).

Die eerste ongeveer twee-derdes van die boek bestaan uit veertien artikels wat 'n oorsig gee van die stand van Afrikaans op verskillende gebiede: die uit-saaiwese, die onderwys, die pers, die regsdenke, die teologie, die natuurwetenskappe en tegniek, die reklamewese, e.s.m. Sommige van hierdie artikels wat Afrikaans binne die wyer aktualiteit van die teenswoordige Suid-Afrika of in sy huidige verhouding met die ander amptelike Suid-Afrikaanse tale plaas, is meer feitelik as ander. Die laaste derde van die boek bevat ses artikels wat "feite versus persepsies in verband met Afrikaans" behandel. Hierdie artikels wat sekere foutiewe aannames betreffende Afrikaans met die werklike feite probeer weerlê, is van die insiggewendste in die boek.

Alhoewel die boek basies vir taalliefhebbers en taaldeskundiges bedoel is, is dit ook vir taalyweraars en taalpolitici van belang. Indirek sou Afrikaanse leksikografe en terminoloë en die uitgewers van hul woordeboeke heelwat inligting uit dié artikels kon haal ten opsigte waarvan hulle hul kan oriënteer in die veranderde situasie waarin Afrikaans hom tans bevind. Die gebruik van Afrikaans is oor die afgelope tien jaar op alle vlakke van die openbare terrein afgeskaal. Wat kan die bydrae en rol van die Afrikaanse leksikograaf en terminoloog en die uitgewers van hul woordeboeke in hierdie veranderde omgewing wees? Watter positiewe en negatiewe faktore konfronteer hulle in hierdie omgewing? En in hoeverre kan hulle, deur ook 'n bydrae aan die ander tale van Suid-Afrika en selfs Afrika te lewer, die voortbestaan en uitbreiding van Afrikaans op leksikografiese en terminologiese gebied verseker? Dit is vrae wat die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal hom reeds vyftien jaar

gelede ten doel gestel het om te beantwoord (sien die artikel van Frikkie Lombard, bl. 30-34), en die antwoorde wat daaruit voortgekom het, te gebruik om homself so positief moontlik te posisioneer om by te dra tot Afrikaans se voortbestaan en uitbreiding.

'n Mens hoop dat die aktualiteit waarin Afrikaans hom bevind en wat deur die lees van hierdie artikels tot stand kom, as 'n aanmoediging eerder as 'n ontmoediging sal dien om die Afrikaanse leksikografie en terminologie te bly ontwikkel binne die groter konteks van die ander Suid-Afrikaanse tale.

### Bibliografie

- Du Buisson, M.S. (Red.).** 1959. *Die Wonder van Afrikaans: Bydraes oor die ontstaan en groei van Afrikaans tot volwaardige wêreldtaal.* Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Du Plessis, Hans en Theo du Plessis (Reds.).** 1987. *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle.* Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- Giliomee, Hermann en Lawrence Schlemmer (Reds.).** 2001. *Kruispad: Die toekoms van Afrikaans as openbare taal.* Kaapstad: Tafelberg.
- Kok, B. e.a. (Reds.).** 1974. *Afrikaans — ons pèrel van groot waarde.* Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Labuscagne, G.J. (Red.).** 1959. *Feesbundel: Aangebied ter geleentheid van die viering van "die wonder van Afrikaans".* Johannesburg: Dagbreek Boekhandel.
- Prinsloo, K.P. en M.C.J. van Rensburg (Reds.).** 1984. *Afrikaans: Stand, taak, toekoms.* Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- Webb, V.N. (Red.).** 1992. *Afrikaans ná apartheid.* Pretoria: J.L. van Schaik.

J.C.M.D. du Plessis  
 Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal  
 Stellenbosch  
 Republiek van Suid-Afrika  
 (wat@sun.ac.za)